



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN 2014

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die bepunting van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LETTERKUNDE

LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

VRAAG 1

- 1.1 1.1.1 Hy was klaskaptein. Hy is 'n bietjie dom, dus kon sy skool mis. (2)
- 1.1.2 Sy het 'n seer nek/Sy was by die fisioterapeut (1)
- 1.1.3 Miemie: Het haar na die toneelstuk vervoer /Vriende /Kuier by haar
- Sally: Laat haar beter voel oor haar ma deur te vertel van haar pa
- Hein: Opgelaai op pad huis toe. Hulp met Tibbey (3)
- 1.1.4 Geld vir kos/huur ens. Borg vir span Haarsny (3)
- 1.2 Sinvolle vergelyking tussen omstandighede word vereis.

Ooreenkomste: Albei het nie goeie verhoudings by die skool gehad nie /min vriende/buitestaanders/ouers nie teenwoordig in hul lewens nie (twee)

Verskille: Finansiëel Huislike omstandighede Rede vir afwesige ma/Soort motors wat hulle bestuur (een)

| | | |
|---------|-------------|--|
| Inhoud: | 4 punte | |
| Taal: | 2 punte | 'n Goed geformuleerde antwoord waar die krisis volledig verduidelik word. Min grammatikafoute/goeie taalgebruik. |
| | 1 punt | 'n Duidelike begrip van wat verwag word, maar grammatikafoute beïnvloed die oordrag van die antwoord. Grammatikaal is die antwoord korrek; tog ontbreek duidelike begrip in die formulering. |
| | 0 – ½ punte | Uiters swak formulering. Feite mag tog voorkom, maar die leser kan glad nie sin maak uit wat geskryf is nie./Heeltemal misgetas. Nie na een van die hoof-elemente verwys nie. |

(6)
[15]

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 Haar man het geld gesteel /Verandering in terme van werk op die plaas
Haar man het 'n verhouding met 'n ander vrou aangeknoop. (Enige twee) (2)
- 2.1.2 Roos moes bedel Dogter het prostituut geword (2)
- 2.2 Die punte word as volg toegeken:
- Johnny: Hy het van sy eie geld vir die rolstoel gegee
 - Mnr. Morkel: Hy het verblyf/plek om te bly of werk (karoppasser) gegee
 - Hein: Hy het geleentheid huis toe gegee/bou rolstoel/verbouings by die rolbalklub aangebring
 - Lien: Sy het rolstoel/verblyf/emosionele bystand gegee/artikels nodig om te bedel gekoop (6)
- 2.3 Tannie Bets het ...
- kos gemaak
 - wasgoed gedoen
 - dominee laat weet dat Ma drink
 - verjaarsdagpartytjie gereël
 - gehelp toe Ma gesteel het
 - gehelp toe Lien vervoer benodig het
 - gereël vir werk
- (Enige 5) (5)

[15]

VRAAG 3

Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.

Indien die eerste deel van die vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is.

- 3.1 Lientjie Lieflik (1)
- 3.2 Ek het my werk verloor na die konfrontasie oor die gebreekte borde. (1)
- 3.3 Sue-Ellen sou terugkeer nadat sy tyd met haar baba deurgebring het. (1)
- 3.4 My ma het ons dronk by die skool kom haal. (1)
- 3.5 Die VISA's was duur./Jy moes baie geld (R20 000) in jou rekening hê. (1)
- 3.6 Ek het dit gebruik vir Tibbey se rolstoel/huur. (2)
- 3.7 Hy het bedrog gepleeg/geld gesteel. (1)
- 3.8 Bv. My pa sou nie geld gesteel het nie/My ma sou nie begin drink het nie/Tibbey sou nie in die ongeluk gewees het nie. (2)

[10]

VRAAG 4

Inhoud: Maksimum van 310 woorde

1. Lien
 - Sy wou wegkom van haar probleem/situasie
 - 4 redes
 - Haar ma het aanhou drink
 - Haar ma het haar werk verloor
 - Daar was geen inkomste nie
 - Tibbey was in 'n ongeluk betrokke
 - Sy moes huur betaal
 - Sy moes kos koop vir die huis (Enige 4 of variasies van die 4 redes)
 - Die toneelstuk/Weird Maria/Doen drama by die skool
 - Sy dra aan die einde 'n Tuks-Drama T-hemp

2. Miemie en Hein
 - Sy wou 'n prokureur wees
 - Haar ouers was ryk
 - Hy wou met sy hande werk/dinge bou
 - Sy pa
 - Sy pa wou hê hy moes iets anders met sy lewe doen/prokureur geword het

3. Tibbey/Roos
 - Hy was sonder ouers/die ongeluk
 - Hy het op straat geleef/'n bedelaar geword/is gestremd
 - Haar man het geld gesteel/sy werk verloor
 - Sy het ook op straat beland/dit het 'n negatiewe invloed op haar toekoms gehad

Die 4 punte vir *Assessering* word volgens die TAAL EN STRUKTUUR (4) toegeken.

| | TAAL EN STRUKTUUR (4) Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel. |
|-------------------|--|
| 4 punte | Samehangende teks geproduseer. Uitstekende antwoord. Uiters geskikte inleiding en samevatting. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend, indrukwekkend, korrek. |
| 3 punte | Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding en samevatting is bo-gemiddeld. Vloei van gedagtes kan gevolg word. Taal, toon en styl korrek. |
| 2 punte | Beplanning in die struktuur toon tekens van foute. Inleiding en/of samevatting is nie heeltemal geskik nie. Argumente nie logies nie. Paragrafering foutief. Taalfoute teenwoordig. Toon en styl nie geskik vir die doel van akademiese skryfwerk nie. |
| 0 – 1 punt | Moeilik om te bepaal of vraag beantwoord is. Geen bewys van beplande struktuur of logiese uiteensetting nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal. Foutiewe styl en toon. |

(4)
[20]

60 punte

DIE VERDWYNING VAN MINA AFRIKA – Zuretha Roos

VRAAG 5

- 5.1 5.1.1 Mina was nie lief vir die baba nie /hy was te 'wit' wat probleme veroorsaak het (2)
- 5.1.2 Mina het haar werk verloor/hulle het haar veroordeel (1)
- 5.1.3 Hy was baie lief vir die baba, wou goeie vader wees. Hy het ouerloos grootgeword/wou beter lewe aan baba bied (3)
- 5.1.4 Sara: Het haar grootmaak/haar aanvaar/gehelp met kosbedryf
 Erik: Het haar tuiste gegee/versorging
 Sêra: Het onderskraging/blyplek/werk gegee toe sy dit nodig gehad het (3)
- 5.2 Ooreenkomste: Liefde vir Mina/het nie uitgewerk nie/wou Mina help
 Verskille: Verskillende agtergronde/Dylan sterf/Deon eindig verhouding/Dylan ook bruin man/Deon blanke man/Dylan met polisie deurmekaar/Deon polisieman

| | | |
|---------|---------|--|
| Inhoud: | 4 punte | |
| Taal: | 2 punte | 'n Goed geformuleerde antwoord waar die titel volledig verduidelik word. |
| | 1 punt | Die formulering van die antwoord is nie baie duidelik nie. |
| | 0 punt | Uiters swak formulering. Feite mag tog voorkom, maar die leser sukkel om sin te maak uit wat geskryf is. |

(6)
[15]

VRAAG 6

- 6.1 Verskille in die agtergrond/gemeenskap sal haar dalk nie aanvaar nie/druk van familie/politiek van die tyd (Twee redes) (2)
- 6.2 Sy het jammer gevoel vir haar (simpatie) /nie kinders van hul eie gehad nie (2)
- 6.3 Sara: Sy het haar aanvaar /(omhels haar) sou geheim hou
 Deon: Hy het die geheim gehou/nie te diep gedelf nie /hy het die sketse vir die huisie geteken/haar weer vertrou in mans geleer
 Dylan: Materiële items/liefde – aanvaarding: Het haar lewe gered toe sy self-moord oorweeg het
 Sêra: Het met materiële dinge/raad/aborsie/slaapplek gehelp/neem haar in na afdanking/het haar leer kosmaak/het Dylan gewaarsku/het die baba help versorg (Enige twee) (6)
- 6.4 Tietser Meraai: Het haar lesse geleer (akademies en lewenslesse)/woning agtergelaat/verblyf voorsien
 Juffrou Elsie Lubbe: Uitkoms gebied toe sy moes trek/vaardighede/geld/woning/positiewe houding jeens kleurlinge/mentor/het haar gehelp met haar skoolwerk/maak Mina haar erfgenaam/het na haar gekyk toe Sara winkels toe gegaan het. (5)

[15]

VRAAG 7

Punte word nie afgetrek vir foutiewe taal nie. Indien taalfoute egter die betekenis van die antwoord beïnvloed, moet geen punt toegeken word nie.

Indien die eerste deel van die vraag verkeerd beantwoord is, word daar steeds 'n punt toegeken vir die tweede deel van die vraag indien dit korrek is.

- 7.1 Ek was bederf/het saam met wit familie gewoon. (1)
- 7.2 Die gemeenskap kon dit nie aanvaar nie/Druk van die gemeenskap. (1)
- 7.3 Ek was bang dat sy my nie sou glo nie/as kleurling sou mense my nie glo nie. (1)
- 7.4 Hulle het my afgedank nadat hulle uitgevind het dat ek verwagend is. (1)
- 7.5 Hy is doodgeskiet/Hy is doodgemaak. (1)
- 7.6 Hy was wit en ek was bruin/Hy was 'n polisieman en ek het 'n wit man se kind – onwettig. (2)
- 7.7 My pa het gevoel hy was nie bekwaam om na my te kyk nie. (1)
- 7.8 My eie ouers sou my grootgemaak het/Ek sou nie verkrag gewees het nie/Dylan sou nie doodgeskiet word nie/Ek en Deon sou saam mag wees. (Enige twee redes wat uit die verhaal kom en in konteks sinvol is.) (2)

[10]

VRAAG 8

1. Mina
 - Missara se kombuis (1)
 - 4 redes
 - Finansiële probleem
 - Verkrag deur Schoeman
 - Kaap toe vir aborsie
 - Kon nie dadelik terug gaan huis toe nie
 - Tyd saam met Dylan
 - Het 'n baba gehad (Enige vier toepaslike redes) (4)
 - Erik de Graaff (1)
 - Sy het 'n restaurant bestuur/is baie deur mense gebruik/Julies Bistro (1)
2. Erik en Sara de Graaff
 - Het nie kinders van hul eie gehad nie/Sara het jammer gevoel/het lief geraak vir Mina (2)
 - Verhaal speel af tydens apartheid/gemeenskap het dit nie aanvaar nie/Mina het gesukkel met dubbelekkultuur/De Graaff-familie (ma) het haar nie aanvaar nie (Enige twee) (2)
 - Sy het langs Schoeman gewoon/is gespot deur ander kinders/gesukkel met eie identiteit (1)
3. Dylan Apollis
 - Sy ma is dood/hy was 'n lid van 'n bende (1)
 - Hy het lid geword van 'n bende/is doodgeskiet (1)
 - Hy het geld gespaar om 'n huis te koop (1)
 - Hy was 'n sierskrywer (1)

Taal en struktuur

Die 4 punte vir *Assessering* word volgens die **TAAL EN STRUKTUUR (4)** toegeken.

| | TAAL EN STRUKTUUR (4) Struktuur, logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel. |
|-------------------|--|
| 4 punte | Samehangende teks geproduseer. Uitstekende antwoord. Uiters geskikte inleiding en samevatting. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl volwasse aangewend, indrukwekkend, korrek. |
| 3½ punte | Opstel goed gestruktureer. Inleiding en samevatting is geskik. Argumente en gedagtes maklik om te volg. Taal, toon en styl korrek en gepas vir doel. Goeie aanbieding. |
| 3 punte | Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding en samevatting is voldoende. Vloei van gedagtes kan gevolg word. Taal, toon en styl korrek. |
| 2½ punte | Bewys van struktuur. Inleiding en samevatting kom voor. Opstel toon 'n gebrek aan goed gestruktureerde vloei van gedagtes en samehang. Taalfoute min, toon en styl hoofsaaklik geskik. Paragrafering meestal korrek. |
| 0 – 1 punt | Beplanning in die struktuur toon tekens van foute. Inleiding en/of samevatting is nie geskik nie. Argumente nie logies nie. Paragrafering foutief. Taalfoute teenwoordig. Toon en styl nie geskik vir die doel van akademiese skryfwerk nie. |
| 1½ punte | Swak aanbieding en gebrek aan beplande struktuur belemmer die vloei van gedagtes. Inleiding en/of samevatting ontbreek. Taalfoute en foutiewe styl maak dit grootliks 'n onsuksesvolle skryfstuk. |
| 0 – 1 punt | Moelik om te bepaal of vraag beantwoord is. Geen bewys van beplande struktuur of logiese uiteensetting nie. Geen paragrafering of samehang nie. Swak taal. Foutiewe styl en toon. |

(4)
[20]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer word en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die opdrag misgetas of verkeerd geïnterpreteer is, moet die kandidaat streng gepenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

Voorbeeld: Dialoog


| | | |
|-------------------------------|----------------------|-----------------------------------|
| Inhoud, beplanning en formaat | K2 | 6 |
| Taal, styl en redigering | K5 | $6\frac{1}{2}$ |
| | $6 + 6\frac{1}{2} =$ | <u>$12\frac{1}{2}$</u> |

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria vir elkeen van die drie rubrieke na aanleiding van die **sewe kodes**.

Voorbeeld: E-pos

| | | | |
|---------------------------------|--------|----|-----------------------------------|
| Skryf die punte soos volg neer: | I/P/F: | K5 | 9 |
| | T/S/R: | K4 | $4\frac{1}{2}$ |
| | | | <u>$13\frac{1}{2}$</u> |

4. Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.
5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word.

| SIMBOOL | BESKRYWING | VERDUIDELIKING |
|---|--|--------------------------------|
| // | Dubbele strepie aan die begin van sin wat nuwe paragraaf aandui. | Nuwe paragraaf |
| inter <u>es</u> ant | Strepie onder die woord | Spelfout |
| × | Kruisie oor woord | Foutiewe woord |
| () | Hakies | Foutiewe woordorde |
| ^ | Weglaatteken | Woord(e)/leesteken uitgelaat |
| T (in kantlyn) | Hoofletter T | Tye verwarrend/foutief gebruik |
| ?/!(in die kantlyn) | Groot vraagteken/kronkelstreep | Onduidelik/onverstaanbaar |
|  | Kring om woord | Engelse woord |
| hh | Dubbele h | Herhaling |
| Skryf die hoofletter of komma in. | | Hoofletter/komma |

Indien die skryfstuk ver te lank is, word daar net gelees tot die vereiste aantal woorde – kandidaat word dus dan outomaties op grond van inhoud gepenaliseer.

VRAAG 9 DIALOOG

'n Gesprek tussen twee karakters.

Formaat

- Die name van karakters word aan die linkerkant onder mekaar geskryf (regs van die kantlyn).
- Niks word onder die name geskryf nie.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- 'n Reël word tussen elke spreekbeurt oopgelaat.

Taal

Taal moet aanpas by die doel, teikengroep en konteks.

Inhoud

- + Is die trant duidelik ten opsigte van die soort dialoog wat gevoer word?
- + Word interessante inligting gegee?/Is gesprek onderhoudend?

[30]

VRAAG 10 E-POS

Formaat

Die e-pos formaat: Enige formaat wat 'n e-pos reflekteer.
Goeie taalgebruik word verwag.

Inhoud

- Word die inligting aangevra?
- Word die rede rakende die kursus weergegee?
- Word die rede rakende die instansie weergegee?

[10]

| |
|-----------------|
| 40 punte |
|-----------------|

Totaal: 100 punte

VRAAG 9 RUBRIEK VIR NASIEN VAN DIALOOG (8 WOORDE TE VEEL OF TE MIN)

| 30 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80 – 100% | KODE 6 Verdienstelik 70 – 79% | KODE 5 Beduidend 60 – 69% | KODE 4 Voldoende 50 – 59% | KODE 3 Matig 40 – 49% | KODE 2 Basies 30 – 39% | KODE 1 Ontoereikend 0 – 29% |
|---|---|--|--|---|---|---|--|
| Inhoud, beplanning en formaat 20 punte | <ul style="list-style-type: none"> Gespesialiseerde kennis van vereiste van teks. Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus; geen afwykings nie. Inhoud en idees algeheel samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend. | <ul style="list-style-type: none"> Goeie kennis van vereistes van teks. Gedissiplineerde skryfwerk; behou fokus; byna geen afwykings nie. Inhoud en idees samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ verdienstelik. | <ul style="list-style-type: none"> Redelike kennis van vereistes van teks. Behou fokus, onbenullige afwykings. Inhoud en idees samehangend. Detail ondersteun die onderwerp. Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ beduidend. | <ul style="list-style-type: none"> Voldoende kennis van vereistes van teks. Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | <ul style="list-style-type: none"> 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon oppervlakkige fokus. Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. Inhoud en idees gemiddeld, samehangend, basiese detail ondersteun die onderwerp. Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld; kritiese, nalatige foute is begaan. | <ul style="list-style-type: none"> 'n Elementêre kennis van vereistes teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. Inhoud en idees omtrent nie samehangend nie, min detail ondersteun die onderwerp. Beplanning en/of eerste poging gebrekkig, teks nie goed aangebied nie. Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | <ul style="list-style-type: none"> Geen kennis van vereistes van teks nie. Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. Inhoud en idees is nie samehangend nie. Te min detail ondersteun die onderwerp. Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| Taal, styl en redigering 10 punte | <ul style="list-style-type: none"> Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register baie toepaslik. Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <ul style="list-style-type: none"> Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register meestal toepaslik. Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <ul style="list-style-type: none"> Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <ul style="list-style-type: none"> Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. Styl, toon en register voldoende. Teks het steeds foute na proeflees en redigering. Lengte is amper korrek. | <ul style="list-style-type: none"> Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register toon gebreke. Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. Lengte is te kort/te lank. | <ul style="list-style-type: none"> Teks is swak en moeilik om te volg. Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. Lengte is te kort/te lank. | <ul style="list-style-type: none"> Teks is swak saamgestel en verwarrend. Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie. Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. Lengte is heeltemal te kort/te lank. |

Dra fokus van hoe hy/sy skryf. Hoe goed is inhoud geskryf?

Vereistes = gesprekstrategieë

Formaat + vorm

VRAAG 10 RUBRIEK VIR NASIEN VAN KORT E-POS

| 20 PUNTE | KODE 7 Uitmuntend 80 – 100% | KODE 6 Verdienstelik 70 – 79% | KODE 5: Beduidend 60 – 69% | KODE 4 Voldoende 50 – 59% | KODE 3 Matig 40 – 49% | KODE 2 Basies 30 – 39% | KODE 1 Ontoereikend 0 – 29% |
|---|---|--|---|---|---|--|--|
| Inhoud, beplanning en formaat 13 punte | <p>10½ – 13</p> <ul style="list-style-type: none"> – Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. – Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans algehele fokus, geen afwykings nie. – Inhoud en idees algeheel samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. – Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. – Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas./Uitmuntend. | <p>9½ – 10</p> <ul style="list-style-type: none"> – Goeie kennis van vereistes van teks. – Gedissiplineerde skryfwerk, behou fokus, byna geen afwykings nie. – Inhoud en idees: samehangend, alle detail ondersteun die onderwerp. – Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. – Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas./ Verdienstelik. | <p>8 – 9</p> <ul style="list-style-type: none"> – Redelike kennis van vereistes van teks. – Behou fokus, onbenullige afwykings. – Inhoud en idees samehangend, details ondersteun die onderwerp. – Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. – Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas./Beduidend. | <p>6½ – 7½</p> <ul style="list-style-type: none"> – Voldoende kennis van vereistes van teks. – Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. – Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. – Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. – Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende. | <p>5½ – 6</p> <ul style="list-style-type: none"> – Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus. – Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek vaag. – Inhoud en idees gemiddeld samehangend; basiese detail ondersteun die onderwerp. – Beplanning en/of eerste poging: lei tot 'n gemiddelde/redelike, verstaanbare teks. – Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. | <p>4 – 5</p> <ul style="list-style-type: none"> – Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus. – Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. – Inhoud en idees min samehangend, min detail ondersteun die onderwerp. – Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie. – Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | <p>0 – 3½</p> <ul style="list-style-type: none"> – Geen kennis van vereistes van teks nie. – Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. – Inhoud en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. – Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. – Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| Taal, styl en redigering 7 punte | <p>6 – 7</p> <ul style="list-style-type: none"> – Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel. – Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. – Styl, toon en register baie toepaslik. – Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. – Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p>5 – 5½</p> <ul style="list-style-type: none"> – Teks is grammatikaal akkuraat, sinne goed saamgestel. – Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. – Styl, toon en register meestal toepaslik. – Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. – Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p>4½</p> <ul style="list-style-type: none"> – Teks is grammatikaal maklik om te lees, sinne is goed saamgestel. – Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. – Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. – Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. – Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | <p>3½ – 4</p> <ul style="list-style-type: none"> – Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute. – Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks. – Styl, toon en register voldoende. – Teks het steeds foute na proeflees en redigering. – Lengte is amper korrek. | <p>3</p> <ul style="list-style-type: none"> – Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. – Woordeskat is beperk en nie baie paslik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. – Styl, toon en register nie gebreke. – Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. – Lengte is te kort/ te lank. | <p>2½</p> <ul style="list-style-type: none"> – Teks is swak en moeilik om te volg. – Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. – Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. – Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. – Lengte is te kort/te lank. | <p>2</p> <ul style="list-style-type: none"> – Teks is swak saamgestel en verwarrend. – Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie. – Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. – Teks is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. – Lengte is heeltemal te kort/te lank. |